DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**17 Mei 2020**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

Lees: Genesis 12: 1 – 12; Hebreërs 11: 8 – 19
Teks: Gen 12: 1-3, Heb 11: 8 – 10
***Tema: Wees 'n seën waar God jou plaas.***

Geliefdes, Abraham is die vader van al die gelowiges. Gen 12 – 50 fokus op die geskiedenis van die aartsvaders, Abraham, Isak en Jakob en hulle nageslag. Hierin is Josef 'n belangrike oorgangsfiguur na die tyd van slawerny in Egipte. In Gen 37 – 50 lees ons sy geskiedenis.

In Gen 11: 27 – 32 lees ons Abraham se geslagsregister en in die volgende hoofstukke word ons geleer hoe die Here met hom 'n pad loop om 'n volk te word. In 1 Kon 6: 1 kry ons 'n vaste datum vir die datering van die Eksodus. Die nuutste argeologiese ontdekkings plaas Abraham se geboorte rondom 2000 VC.

Die roeping van Abraham gebeur terwyl sy pa, Tera, nog lewe. Hulle vorder tot by Haran, waar Tera sterf. Hulle was oorspronklik van Ur, naby die Persiese Golf, waar hulle ander gode gedien het – Josua 24: 2. Abraham word direk geroep vir 'n baie spesifieke en omvattende taak, iets waarvan die impak nie net 'n volk tot stand sou bring nie, maar drie godsdienste ingrypend sou beïnvloed: die Judaïsme, die Christendom en Islam.

Die aanvanklike roeping het gehoorsaamheid gevra sonder dat daar baie detail uitgespel is. Hy moet sy eie land, sy eie mense en sy familie verlaat in die geloof dat die Here al die beloftes sal waarmaak dat hy 'n groot nasie sal word en dat die Here hom sal seën en hom 'n man van groot betekenis sal maak. Daarmee saam ook die opdrag: "Jy moet tot 'n seën wees". Daarmee word hy 'n gestuurde wat die Here se seën na die heidene moet dra.

Op 75 jarige ouderdom antwoord Abraham deur die Heilige Gees op die roepstem en verlaat al sy ou sekuriteite. In afhanklike gehoorsaamheid trek hy na 'n plek wat hy nie ken of weet waar dit is nie. Ons moet onthou dat jou familie jou aftree- en mediese plan asook jou verdedigingsplan was. Hy word op die manier losgemaak van al sy aardse planne, om net met geloof die toekoms in te trek. Al wat hy het, is God en sy heerlike beloftes.

Ons enigste sekuriteit op hierdie aarde is God – Ons behoort in lewe en in sterwe aan ons saligmaker Jesus Christus. Met die pandemie wat tans heers, leer ons weer hierdie ou waarheid. Ons fokus is so maklik op die dinge wat ek besit, dat ons moet vra: Wat en Wie is die belangrikste in my lewe? Ons kan so besig wees om voortdurend nuwe sekuriteite uit te dink, dat die Here op die buitegrense van my lewe funksioneer.

Ons kan so probeer oorleef dat ons roeping om dissipels te maak, by ons verbygaan. Juis daarom wil die magte van die bose ons moedeloos maak dat ons dit vergeet. Ons wil graag weer “normal” lewe. Gaan dit dieselfde tipe lewe wees? Die Here bring ons tot stilstand en toets ons geloof in Hom.

Ons is almal as Nuwe-Testamentiese gelowiges geroep om die goeie nuus aangaande Jesus Christus se kruisiging,opstanding en hemelvaart te verkondig. Ons moet blom hier waar die Here ons aan die suidpunt van Afrika geplant het. Ons moet te midde van die pandemie wat heers stilstaan en vra: Is ek ‘n seën vir almal wat my hoor en sien?

Die Here het sy eie tydtafel. Ismael is vir Abraham op 86 gebore en Isak op 100 jaar oud. Op 89 bevestig God sy verbond met hom en noem hom dan die vader van die gelowiges. Ons is volgens Gal 3: 9 deur die geloof in Jesus Christus erfgename van die verbond en die beloftes wat daarmee gepaardgaan. Daarom kan ons op onbekende en ongemaklike paaie saam met die Here loop. Ons is vasgemaak deur die versoeningsbloed van Jesus Christus aan die Skepper en Onderhouer van hierdie skepping. Ons is aan Jesus Christus vas wanneer ons geroep word om buite ons verwysings raamwerk, gemaksone of voorkeure te leef.

Die Here roep ons juis nou om in hierdie grendeltyd nie in ons bekende tent te bly sit nie en ons verknies nie, maar om God se seën vir die mense rondom ons te wees. God is getrou tot in die kleinste daarom kon Abraham uitsien na die stad wat vaste fondamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is – die nuwe Jerusalem.

Wat sien jy vandag? Net sleg en stukkend? Die heerlikheid wat vir ons voorberei is, kan nie opweeg teen die huidige nie. Kom ons fokus op die positief en sing die geliefde Skrifberyming 45 (18-7): 1 en 12

Hy het my die stad getoon, groot en van die hemel dalend, en deur God se ligglans skoon, soos ‘n kleurgesteente stralend, helder soos ‘n kristallyn wat in al sy klaarheid skyn.

Daar sal in die heiligdom niemand wat die kwaad bedrywe , ooit of immer binnekom. Hul van wie die naam geskrywe in die Lewensboek sal staan, hulle sal daar binnegaan.

Dit is inderdaad waarom Jesus Christus in die hemel opgeneem is, om as voorspraak te dien om ons deur ons krisistyd te help deur die Heilige Gees.

Die Here seën ons en beskerm ons.
Die Here verskyn tot ons redding en is ons genadig.
Die Here verhoor ons gebede en gee aan ons vrede.

## OOG VIR MEKAAR




* Hennie Oelofse ondergaan die week sy volgende chemo behandeling. Ons bid vir hom en Julie in die moeilike tyd. Ons dank die Here dat sy familie ook daar is om hulle te ondersteun.
* Ons is baie dankbaar dat Jani Botha weer gesond is en negatief getoets het na haar onderonsie met die virus.
* Dankbaar dat Kudu Pretorius beter is na sy operasie. Sterkte met die bloeddruk wat hoog bly.
* Ons dank die Here dat Heleen du Plessis tuis is na haar rugoperasie en dat sy hier kan aansterk. Ons bid vir haar en Stephan met die versorging.
* Ons bid vir ons broers en susters wat uitdagende tye in die gesig staar. Ons ouers, kinders en onderwysers het groot uitdagings om te oorkom. Mag die Here julle lei en die insig en wysheid gee om die beste van hierdie geleentheid te maak.
* Op ekonomiese gebied is daar groot uitdagings vir almal wat besighede besit. Ons bid vir spoedige uitkoms en dat ons getroue Vader in ons behoeftes sal voorsien. Ons bid vir almal wat nou oorbodig verklaar is en sonder inkomste is.
* Tree asb met die diakonie in verbinding om in die tyd met kos te help waar nodig.
* Ons bly bid dat ons Vader ons sal bewaar en op Sy tyd en wyse weer in erediens sal saambring.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor gesluit sal wees tot verdere kennisgewing.

## BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer na die inperking hervat word.

# BYBELSTUDIE

**Bybelstudiegroepe is afgestel tot na die inperking**

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| Ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| Ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




***Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za***

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/ Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| * 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer | | | |
| So 17 Mei | ***Corrie Coetzee**** <br> ***Faan Korff**** | B<br>B | 083 613 1091<br>072 632 6702 |
| Ma 18 Mei | Daleen Korff<br>Tavia Mooi<br>Egbert Mooi | B<br>B<br>B | 083 651 8601<br>083 310 6266<br>083 310 6277 |
| Di 19 Mei | ***Bets Erasmus**** | B | 060 405 5932 |
| Wo 20 Mei | Ernst Eloff<br>***Nolene Riley***** | B<br>B | 083 229 8068<br>073 149 2040 |
| Do 21Mei | Kobie Botha<br>Dienie Landman<br>***Peter Snyman**** | B<br>B<br>B | 082 457 3908<br>072 073 8131<br>084 601 1250 |
| Sat 23 Mei | Tegan Kuilder<br>***Elizabeth Odendaal**** | D<br>B | 073 499 4735<br>083 534 1963 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 19 Mei 1984 | Douw en Marietjie Venter | 36 | 082 713 2780<br>082 932 9206 |
| 20 Mei 2017 | Jan-Carl en Melissa Oosthuizen | 3 | 079 522 1992<br>082 488 7577 |

| | | |
|---|---|---|
| **Preke en Die Basuin :**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

Die Here het vir Abram gesê: " Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees."

Genesis 12: 1 - 3

